

Gereformeerde Kerk Bellville – 15 April 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 4:2, 3 (p. 15)

- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore, maar dat die HEER hom hoor en red.
Beef dan, o dienaars van die sonde, / oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.
- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed? / Verhef oor ons u Vaderoë,
sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte^o en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale^o oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklan!
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 19:4, 5 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.
- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.

Gebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bose hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Matteus 5:1-16

Kernverse: Matteus 5:13-16

Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie. Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. (Matteus 5:13-16 AFR53)

Tema: 'n Christen se invloed in die wêreld – sout en lig

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens na die gebrokenheid van die wêreld rondom ons kyk, voel 'n mens dikwels oorweldig. Daar is soveel stukkend en hartseer in die wêreld – nie net ver van 'n mens af nie, maar ook naby. Miskien is dit iemand wat jy ken wat tans 'n slagoffer is van die gebrokenheid van hierdie wêreld. Dit kan stukkende verhoudings wees, iemand wat sy werk verloor het. Of miskien is dit nog erger as dit – miskien is dit iemand wat die slagoffer geword het van die soveelste gewapende roof.

Baie maal wanneer mense so tot oor hulle kop toe oorweldig is deur die dinge wat in hierdie wêreld gebeur, voel dit vir hulle asof hulle kan weghardloop. Hulle wil net wegkom van alles, want dit voel of al hierdie dinge net te veel is en hulle kan niks daaraan doen nie. Of die bietjie wat hulle kan doen, gaan nie 'n beduidende verandering bring nie.

Daar is al mense wat so wegghardloop het. Daar is selfs Christene wat hulleself uit die wêreld onttrek het en afgesluit het van al die lelike dinge en lelike mense in die wêreld. Wanneer 'n mens hulle uitvra oor hoekom hulle hulleself in afsondering van die wêreld hou, het hulle 'n antwoord. Hulle sonder hulle af van die vuilheid van die wêreld sodat hulle heilig vir die Here kan lewe. Maar is dit regtig wat die Here bedoel wanneer Hy sê dat ons heilig vir Hom moet lewe? Het Christus mense verlos van hulle sonde en die oordeel van God, sodat hulle in afsondering moet lewe?

Broers, susters en kinders, wanneer 'n mens luister wat Jesus oor die burgers van God se koninkryk sê, is daar geen manier dat 'n mens kan sê dat Christene hulleself in afsondering van die wêreld moet hou nie. In die bergpredikasie het Jesus begin deur te sê hoe lyk die burgers van God se koninkryk – hulle is onder andere arm van gees, sagmoedig, barmhartig en vredemakers. In ons kernverse van vanoggend sê Jesus wat die burgers van God se koninkryk in hierdie wêreld doen.

Die wêreld is uiters skepties oor mense wat sagmoedig en barmhartig is. Dit is egter nie net die wêreldse mense wat skepties is oor mense wat dié karaktertrekke vertoon soos wat Jesus dit in die saligsprekinge gesê het nie. Toe ons aanvanklik ook van hierdie karaktertrekke gehoor het, het ons ook gefrons en gewonder wat sal 'n sagmoedige mens ooit in hierdie wêreld uitgerig kry. Miskien is jy nog steeds skepties en wonder wat sal 'n Christen tog kan regkry in hierdie wêreld wat so deurtrek is met die sonde. Die enigste gevolge wat 'n mens raaksien vir die mense wat sagmoedig, barmhartig en arm van gees is, is dat hulle vertrap en vervolg en beledig sal word.

Dit is egter duidelik dat Jesus nie hierdie skeptiese siening deel nie. Ja, sê Jesus, die burgers van God se koninkryk sal beslis vervolg en beledig word. Tog word hulle geroep

en aangestel deur die Here om die wêreld wat hulle vervolg te dien. Die Christen se reaksie op die haat en leuens wat teen hom geslinger word, is liefde en waarheid. Vir die Christene sê Jesus: **Julle is die sout van die aarde. Julle is die lig van die wêreld.**

Ons gaan nou eers kyk wat bedoel Jesus wanneer Hy gelowiges sout van die aarde en lig van die wêreld noem. Daarna luister ons wat die Heilige Gees ons met hierdie gedeelte leer.

Julle is die sout van die aarde

Wanneer dit by kos kom, gebruik ons sout vir twee dinge. Die mees algemene gebruik van sout is om smaak aan kos te gee. Kos sonder sout smaak regtig nie lekker nie. Maar sout word ook gebruik om vleis of vis te behandel sodat dit nie sleg word nie. Biltong kan vir baie lank gehou word en kom niks oor nie, want die vleis is behoorlik met sout behandel.

Toegepas op die samelewing waarin ons lewe: Aangesien alle mense sondaars is, is elke samelewing in sy wese maar 'n sondige gemeenskap. Wanneer die Here nie iets doen aan 'n samelewing nie, sal daardie samelewing verrot en uiteindelik heeltemal tot niet gaan. Mense soek nie self na 'n manier om uit die ellende van sonde uit te kom nie. Ja, dit is so dat daar samelewings is wat hoegenaamd geen kennis van God het nie en tog oorleef en vir baie lank voortbestaan. Dit gebeur egter nie omdat daardie samelewings so goed is of minder sonde het nie. Dit is as gevolg van die Here se algemene genade dat Hy aan samelewings ook die kundigheid gee om hulleself te regeer met wette.

Maar die kragtigste middel om verrotting van 'n samelewing teë te werk gee die Here nie in die vorm van wette en 'n polisiemag nie. Hy gee dit in die vorm van sy mense wat Hy verlos en geregtig het en aan die vernuwe is. Die kerk en individuele gelowiges is die sout wat die Here gee sodat 'n samelewing nie te gronde gaan nie.

As daar 'n stuk vleis in die yskas lê en uiteindelik sleg word, kan die stuk vleis nie verkwalik word nie. Hy het sleg geword omdat dit in sy aard is om sleg te word. 'n Mens moet eerder vra: Waar is die sout wat daardie vleis moes keer om sleg te word? Wanneer 'n samelewing versleg, is dit maar eie aan die aarde van sondaars. Daarom kan 'n mens nie die samelewing kwalik neem nie, maar moet 'n mens eerder vra: Waar is die gelowiges wat daardie verrotting moes gekeer het?

Gelowiges sal alleenlik die verrotting in 'n samelewing kan teëwerk wanneer hulle die sout in hulle het (Mark 9:50). Hulle moet anders wees as die samelewing. Wanneer sout vermeng geraak het met onsuiverhede, kan dit nie meer die werk doen wat dit behoort te doen

nie. Gelowiges moet dus deur die geloof innig verbind bly aan die Here wat deur sy Gees en Woord aan hulle gee wat hulle nodig het om 'n bewarende uitwerking te hê in die samelewing.

Julle is die lig van die wêreld

Die sonde in die mens veroorsaak nie net dat 'n mens en 'n samelewing al slegter word nie. Sonde maak alles donker rondom 'n mens. Jesus noem Homself die lig van die wêreld en die mense wat Hom volg, sal nie in die donkerte loop nie maar in die lig (Joh 8:12). Op 'n ander plek sê Hy dat solank as wat Hy in die wêreld is, is Hy die lig van die wêreld (Joh 9:5).

Gelowiges is mense wat so deur die Here se Gees en Woord verander is dat hulle veranderde lewens helder sigbaar is in die wêreld waarin hulle woon. Hulle lewens is

helder sigbaar omdat dit so radikaal anders is as die lewens van die mense wat van die wêreld is. Die verskil tussen gelowiges se lewens en die wêreld se lewe is so radikaal verskillend soos die verskil tussen lig en duisternis. Die Here maak mense sy kinders juis sodat hulle so totaal anders moet wees om lig te gee in 'n donker wêreld.

Net soos wat 'n stad bo-op 'n berg nie weggesteek kan word nie, net so sal 'n gelowige dadelik herken en raakgesien kan word in die wêreld. Dat 'n gelowige opgemerk gaan word in die wêreld is onvermydelik. Die Here maak mos nie van 'n sondaar 'n gelowige om hom weg te steek vir die wêreld nie. Die Here maak mense gelowiges omdat Hy vir die wêreld wil wys hoe sagmoedig en barmhartig Hy is. 'n Mens steek mos ook nie 'n lamp op en sit dit onder 'n maatemmer neer nie. Jy steek die lamp op en sit dit op 'n plek waar dit lig kan gee vir almal in die huis. Die Here het 'n mens 'n gelowige gemaak sodat die lig uit die gelowige uit kan lig maak vir die mense rondom hom. Die lig is die weerkaatsing of uitstraling van die heerlijkheid van die Here. Die ander mense moet juis die heerlijkheid en grootheid van die Here in die lewe van die gelowige raaksien en daardeur aangetrek word.

'n Gelowige wat egter die lig in hom wil toe hou sodat die wêreld dit nie moet sien nie, sal nie die lig kan behou nie. Soos die lamp onder die maatemmer uiteindelik sal ophou brand, so sal die lig in die gelowige ook al dowwer begin word en blus. Die lamp het suurstof nodig. Die Heilige Gees is die suurstof vir die gelowige en die Woord is die brandstof vir die gelowige. Daarom het die gelowige nodig om aan te hou bid vir die suurstof en die brandstof sodat hy die heerlijkheid van die Here in die wêreld kan laat skitter.

Wat die Heilige Gees ons leer

Daar is 'n groot verskil tussen Christene en nie-Christene

Dit is waar dat 'n mens soms iemand teëkom wat 'n mooi beskaafde lewe lei en hy doen goed aan ander mense, maar dan kom jy met 'n skok agter dat hy nie 'n Christen is nie. Daar is ook soms Christene wat dinge doen en sê wat maak dat 'n mens dadelik die afleiding maak dat hy seker nie 'n Christen is nie. Tog is daar diep binne-in 'n groot verskil tussen Christene en nie-Christene. Hierdie verskil is so groot soos die verskil tussen lig en donker, tussen sout en verrotting.

As ons dan bely dat Jesus Christus ons verlos het van ons sonde en die oordeel van God, beteken dit dat ons heeltemal anders as die ongelowiges moet lyk en lewe. Soos wat lig die donkerte verdryf, so behoort Christene se invloed in die samelewing ook sigbaar te wees. Ongelowiges rondom die gelowiges moet die duidelike verskil tussen 'n Christen se manier van doen en sy manier van doen kan raaksien. Dit is hartseer as mense sê dat 'n Christen sakeman maar net soos al die ander sakemense maak. Dan het die sout ongelukkig vermeng met onsuiverheid en kan die korrupsie in die samelewing nie teëgewerk word nie.

Omdat Christene anders is moet hulle die verantwoordelikheid daarvan aanvaar

Jesus maak 'n verklaring en gee terselfdertyd die versekering dat gelowiges sout en lig is. En wanneer 'n mens besef wat die werk van sout en lig is, dan staan die verantwoordelikheid van die gelowige uit. En Jesus sê dit reguit en persoonlik aan die gelowiges: **Julle is die sout van die aarde. Julle is die lig van die wêreld.** Hy kon net sowel gesê *Julle en julle alleen is sout en lig.*

Die behoud van die samelewing rus op die skouers van die gelowiges. Onthou hoe het God nog vir Abraham gesê oor Sodom. Selfs as daar net tien regverdiges in die stad is, sal die Here nie die stad verdelg nie. Daarom moet 'n gelowige wees wat die Here hom

gemaak het. Deur die verlossing wat Christus volbring het, het die Heilige Gees die mens uit die ryk van die duisternis in die ryk van die lig gebring. Deur jou verbintenis aan die Here moet jy lig wees. Omdat die Here van jou 'n lig gemaak het, moet jou lig skyn en nie weggesteek word of verdof as gevolg van sonde, luiheid of vrees nie.

Hierdie oproep vir die gelowige om te wees wat God van hom gemaak het, is relevant vir elke gelowige en in besonder vir die jongmense. In die vinnige pas van die lewe waarin die ratte van die samelewing draai en knars, kan 'n mens maklik gefrustreerd raak. Die samelewing is soos 'n groot masjien wat net voortgaan. So baie maal voel jongmense die slagoffers van die samelewing – jy val maar net in by die pas of jy vertrap en agtergelaat is. Dan voel gelowige jongmense magteloos. Hulle wil gehoorsaam aan die Here sout en lig wees, maar alles is net oorweldigend.

Dit is in hierdie atmosfeer van frustrasie en magteloosheid waar revolusies gewoonlik uitbrou. In die wêreld kook sulke frustrasies en magteloosheid oor in geweld en verwoesting. Dit is egter in hierdie kookpot van frustrasie en magteloosheid waarin gelowige jongmense ook aktiviste kan wees deur die lewenstyl uit te leef wat Jesus van hulle gemaak het – deur liefde, vrede en vreugde uit te leef. Onthou, geweld verwoes net dit bou niks op nie. Dit is die lewenstyl van Christus wat mense verander en selfs die aard van 'n samelewing verander. En 'n gelowige is nie magteloos nie. Christus is sy Verlosser en aan Hom behoort al die mag in die hemel en op aarde. Jesus Christus is die sout en lig wat hierdie wêreld nodig het.

Die Christen se invloed is tweeledig

Sout en lig het een ding in gemeen: hulle gee en gebruik hulleself op. Dit is so anders as die selfsug waaraan die wêreld gewoond is. Tog is die werking van sout en lig verskillend. Sout moet verrotting keer. Lig bring verligting in die donkerte.

Die invloed van die Christen in die wêreld is dan ook tweeledig. Christene moet die verrotting van die sonde teëwerk. Prakties beteken dit dat 'n Christen nie mag stilbly wanneer onreg plaasvind nie. Die verkeerde dinge wat gedoen en gesê word, moet veroordeel word. Sulke vermanings en tereg wysings is vir baie mense nie welkom nie. Hulle skop daarteen, want dit gaan teen hulle natuurlike geaardheid in. Maar is dit nie wat gebeur wanneer 'n mens 'n seerplek met sterk soutwater ontsmet nie. Die soutwater brand in daardie seerplek, maar as die sout nie in die seer kom nie, gaan die seerplek net erger word. Wanneer jy 'n ander mens gaan vermaan oor iets wat hy doen of sê, kan jy maar teenkanting verwag. Niemand hou daarvan om vermaan te word nie. Maar as dit nie gedoen word nie, gaan dit net al slegter gaan.

En reg langs die bytende werk van die sout, moet die gesondmakende werk van die lig kom. Dit is goed om die verkeerde en bose dinge uit te wys, maar daar kan 'n mens nie ophou nie. Dit wat waar en reg en goed is, moet dan ook gesê word. Die gelowige moet ook as lig die regte pad en manier van lewe wys en dit self ook doen.

As Christen kan 'n mens jouself nie onttrek uit die wêreld nie. God wou mense uit die mag van die sonde en die Satan verlos. En daar was net een manier waarop Hy dit wou doen. Sy Seun moes na hierdie wêreld kom en Hy het Homself opgebruik om mense te verlos. Soos wat sy Vader Hom gestuur het, stuur Hy die mense wat Hy verlos het ook in die wêreld in. Hy wil die wêreld behou, want Hy het die wêreld lief. Hy wil mense hê wat Hom dien, daarom maak Hy van gelowiges sout en lig van die wêreld.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 14-1:2, 3

- 2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk om kwaad en sonde te weerstrewe. / Verrig jou taak met vaste hand, en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe. En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!
- 3 Beoefen die godvrugtigheid / en wees jou medemens altyd tot voorbeeld in jou lewenswandel. / Jy moet uit liefde teenoor God, in opdrag van die groot gebod, / uit liefde tot die naaste handel. O God, staan met u Gees ons by / sodat u liefde in ons bly.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 23:1 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen, met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen: Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 April 2018